


NG Kerk Vier Ankers se

# Ankerglans

Kwartaal 4 - 2020 Sasolburg

Uitgawe 24

Covid 19 - Desember 2020



Grendeltyd - Vlak 1


## Nagmaal Bediening: Sondag 6 Desember

*4 Anker Gemeente* hou by Covid-19 Protokol.




*Dr Roelf Pienaar, 4 Ankers se Leraar, bedien Nagmaal.*

*4-Anker-Nagmaalgangers* het, met hul aankoms by die Gemeentesentrum, 'n spesiaal verseëlde houertjie ontvang. Die houertjies, wat soos kelkies lyk, se deksels bevat ronde plat broodjies. Die res van die kelkie is met wyn/sap gevul. Elke gebruiker het sy/haar eie broodjie uitgehaal en daarna die kelkie se seël afgetrek. Soos die gebruik is, het almal saam die brood geëet en die wyn/sap gedrink. Wat 'n voorreg om weer nagmaal by die kerksentrum te kon ervaar. Deur van hierdie spesiale kelkies gebruik te maak, is daar streng gehou by Covid -19 voorkomende protokol. Die manier van Nagmaal vier sal nog vir 'n hele tydjie met ons wees. Daar is groot waardering uitgespreek teenoor *4 Ankers* vir die feit dat die sakramente wel, op so 'n *vierende* manier, bedien







**Die 21 ste eeu word mondig- 2021**

4-Ankers se kerkraad het toestemming verleen om proponent Hanneke van Coller, as **tentmakersleraar**, by die gemeente aan te stel.



*Proponent Hanneke van Coller*

Die aanbeveling het dan ook ten doel dat sy ondersteunend en saam met dr Roelf Pienaar die gemeente verder geestelik bedien. Haar aanstelling sal ook meehelp dat sy tot volle leraarskap groei. Hanneke is ook 'n bekwame redigeerder van Geestelike Lektuur en lewer haar redigerende dienste aan Carpe Diem Uitgewers. Seënwense aan haar en mag haar bedieningsdrome, hier by *4 Ankers*, bewaarheid word.



Hanneke het al verskeie kere by 4 Ankers gepreek.




